N.G. Gemeente Weltevreden

Afkondigings
7 Augustus 2011

VANDAG: 7 Augustus

Kerk:	08:00 & 10:00	Ds. Hettie Wessels
Musiek:	*08:00*	*Orrel*
	10:00	*Band*
Kix-Kerk: (Gr 1-6)		Geen a.g.v. lang naweek
Kategese vir G 1-6:		Geen a.g.v. lang naweek
Kapel:	10:00	Geen a.g.v. lang naweek
Kategese: (Gr 7-11)		Geen a.g.v. lang naweek
Kapel:	19:00	Ds. Kobus Sandenbergh
Musiek		*Band*

VOLGENDE SONDAG: 14 Augustus

Kerk:	08:00 & 10:00	Ds. Hansie Breedt
Musiek:	*08:00*	*Orrel*
	10:00	*Kontemporêr*
Kix-Kerk: (Gr 1-6)		Ds. Henry Stopforth
Kategese vir G 1-6:		Direk na Kix-Kerk
Kapel:	10:00	Ds. Kobus Sandenbergh
Kategese: (Gr 7-11)	17:30	
Kerk	19:00	Ds. Fourie Rossouw
Musiek		*Band*
Kapel:	19:00	Ds. Hettie Wessels

Baie geluk aan die volgende babas wat vandag gedoop word:-

08:00 Shannon Claire Nienaber
10:00 Zoë Eunson; Jomari Holthausen; Durandt de Bruin; Zander le Grange; Frederick Johannes Nel.

Kapeldiens op Donderdae om 12:00 – Almal welkom by hierdie 30 minute stilword tydjie gedurende die week.

JonkX nommer: 074 184 4880

VIER EN ERVAAR LEWE

Gemeente Finansies

Ons het die finansiële jaar baie goed afgeskop met begrotings-oorskotte in die eerste paar maande. Baie dankie aan almal vir ruim bydraes. Tog is dit ietwat kommerwekkend dat ons sedert Junie 2011 'n groot afname in inkomste ondervind - dit bemoeilik gemeente verpligtinge:-

1. **Begroting**
   Die finansiële jaar van die gemeente strek vanaf 1 Maart 2011 tot 29 Februarie 2012 en word die begroting wat inkomste en uitgawes vir die jaar betref, hierop gebaseer.
   A.g.v. die moeilike ekonomiese omstandighede wat tans ondervind word, was daar baie konserwatief begroot. Tans word daar 'n inkomste-tekort ondervind soos op einde Julie 2011 van R96 000, waarvan die onderstaande items die hoofoorsaak vir die tekorte is:-

Offergawes/Kollekte	= (R32 500)
Projek Prisma	= (R26 700)
Diens van Barmhartigheid	= (R12 500)
Ander	= (R24 300)

   Die maandelikse dankoffers was Julie-maand binne die begroting.

2. **Projek Prisma**
   Daar was vroeër vanjaar koeverte beskikbaar gestel, met 'n versoek dat huishoudings, waar moontlik, 'n **eenmalige bydrae van R250 per jaar** maak, in 'n poging om die bouprojek se skuld gouer te delg. Tot op datum vir die finansiële jaar, het ons die volgende ontvang:-

48 Koeverte	= R11 880
Ander	= R73 520

   Die uitstaande verbandbedrag soos op 31 Julie 2011 is: (R954 000).

Baie dankie dat ons weet ons op lidmate se voortgesette ondersteuning mag staatmaak!

****

Bybelstudies

Skakel gerus by enige van die onderstaande Bybelstudie-groepe in.

Dinsdae:
* Mammas met babas – om 10:30. Bring gerus jou kleinding saam, want hulle word deur bekwame oumas opgepas. Navrae Lizette 083 269 9811 / Mari 072 445 3799.
* 15:30 Wilgeheuwel Aftree-oord, elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand (tydens skoolkwartale). Almal welkom. Navrae dr Willem Saunderson (083 657 9828) of Les Fischer (082 689 8318)

Woensdae:
* 05:45 vir Mans by Ds. Hansie 011 475 0475 / 082 455 5035
* 05:45 vir Mans by Ds. Kobus 011 475 1474 / 082 451 1671
* Woensdae 09:00 in die grootsaal - vir alle belangstellendes. Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828 of 011 794 9375)
* Harveston Aftree-oord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand (tydens skoolkwartale) om 15:00 by die skouhuis. Navrae dr Willem Saunderson (083 657 9828) of Ben Greyling (083 442 1187)

VIER EN ERVAAR LEWE

Donderdae: * 08:00 vir Dames in lokaal B7. Navrae: Ds. Hansie 082 455 5035
***** 15:30 Donderdae: Jakaranda Aftree-oord, elke 1ste en 3de Donderdag van die maand (tydens skoolkwartale) in die gemeenskapsaal by Jakaranda. Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828) of Piet Pretorius (072 502 8009)

Saterdae: * 07:00 vir Mans in lokaal A1. Navrae: George Louw 082 491 5313

Lief & Leed

Diensleraar hierdie week:-
Ds. Kobus Sandenbergh
011 475 1474 / 082 451 1671

Barnabas diensbeurt hierdie week: Thea Engelbrecht 011 679 2485 / 082 779 1125
Jy kan ook vir Alda Boer (Direkteur Versorging) kontak op 011 475 1597 / 083 261 2700.

- Baie geluk aan ds. Henry Stopforth met sy verlowing aan Mariëtte Hamman.
- Babs Human sterk in Riverfield Lodge aan na ’n beroerte-aanval. Haar man is Daan (083 349 6763).
- Kerry Teunen (082 959 2225 011 475 0598) ontvang behandeling vir kanker.
- Robert Whiteley (082 945 0024) se vrou Theresa herstel na ‘n operasie.
- Sylvia Zittlau (011 474 5360 / 082 512 8482) se skoonseun Theuns het kanker. Alhoewel dit lyk of dit aan die afneem is, is hy nog ernstig siek.
- Tannie Alice Verryne, ons oudste lidmaat, sterk aan in Ons Huis se versorgings-eenheid nadat sy geval het. Haar dogter is Alice Nel (083 560 3845).
- Kallie Harris (079 274 4503) se vrou Elize ontvang behandeling vir kanker.
- Willie Lubbe ontvang behandeling vir beenmurgkanker en sterk aan na ‘n operasie. Sy vrou is Poppie (083 246 4243)
- Francis van der Westhuizen (011 475 7054) se kleinseun, Gabré (21) het longkanker en ontvang behandeling.
- Rosie Roode is in die versorgingseenheid van St. Michael’s aftree-oord. Haar dogter is Herna (011 679 1984).
- Babs Mostert (082 853 8321) ontvang behandeling vir kanker. Haar dogter is Rona (084 516 8320).
- Nelie Botes (072 796 9309) se broer is die afgelope week na die hoë sorg oorgeplaas, maar is steeds ernstig siek in Krugersdorp Privaat Kliniek.
- Hettie Hetzler (011 475 5312) is in Wilgeheuwel hospitaal na ‘n terugslag na ‘n heupvervanging.
- Toelie Pienaar (083 325 8672) se ma ontvang behandeling vir kanker.
- Gert (083 496 9084) & Belinda (083 399 0732) Oosthuizen se dogter Danielle (15) is met Leukemia gediagnoseer. Sy is in isolasie en ontvang behandeling wat 6 maande gaan duur.
- Collis (083 704 2837) & Estelle (011 475 3653 / 083 410 8682) Janse van Rensburg se skoondogter, Adéle, is met longkanker gediagnoseer en ontvang chemoterapie.
- Kobus (082 432 6189) & Erika (011 793 5790 / 082 855 9100) Steyn se dogter Alexandra, sterk tuis aan na ‘n groot operasie.
- Gerrie Schütte sterk tuis aan. Sy vrou is Kobie (011 958 1331 / 082 454 1458).

VIER EN ERVAAR LEWE

- Hendrick de Kock (082 332 2162) sterk aan na ‘n rugoperasie. Sy vrou is Christelle (083 337 4562)
- Innige simpatie aan Erika Mulder (011 679 2016) wie se ma oorlede is.
- Francois (082 789 5253) & Seugnet (082 562 6243) Miller se dogtertjie, Anje (1) is in die hospitaal in intensief.
- Runell (083 287 1671) en Tinus Diederick se pa is met kanker gediagnoseer
- Mona Coetzee (082 398 8807 / 011 475 5672) herstel na ‘n knie operasie. Sy moes teruggaan dat hulle die knie onder narkose buig.

Dagboek

- **Dinsdae –** Divorce Care kursus om 19:00 in Lokaal B7. Hierdie is ‘n 13 week DVD-kursus wat jou kan help met die pad wat jy loop na ‘n egskeiding. Koste: R60 vir die boek. Navrae: Ds. Hansie Breedt 011 475 0475 / 082 455 5035
- **Kursus het op 3 Augustus begin** vir 4 Woensdae (3/8; 10/8; 17/8; 24/8) om 19:00 in die Groot Saal. Prof. Danie Veldsman kom deel met ons “Om na te dink oor my verhouding met God vandag”.
- **12 Augustus –** ons bak weer koeksisters. Vir hulp of bestellings kontak Christa Terblanche @ 082 760 6689/ 011 795 3192.
- **14 Augustus om 12:00** (nie 7 Aug. soos op die kalender aangedui nie) – Nuwe lidmate ete. Alle nuwe lidmate van 2011 wat nog nie so ‘n geleentheid bygewoon het nie, word vriendelik genooi na hierdie geleentheid. Antwoord asb by Christa in die kerkkantoor.

Koskas

Ons gee tans 120 kospakkies per week uit (dit beteken 240 – 360 verskillende persone per maand) waarvan die koste R5000 per week is. Indien jy met hierdie aksie kan help, sal enige kontantbydrae waardeer word. Merk jou bydrae net duidelik as koskas.

Dienswerk

Daar is baie gebiede waar nood is of hulp verleen kan word. Indien jy van so iets bewus is, kontak asb.vir Alda Boer by 011 475 5510 / 011 475 1095 / 083 261 2700.

Daar is reeds verskeie diensgroepe in die gemeente. Indien jy by enige van die groepe betrokke wil raak of net wil sien wat gedoen word, kontak asb die persoon wat dit koördineer.

* Eva’s – vir vroue: kontak Sonet by 011 475 5510 / 475 1597
* Voorbereidings vir funksies bv. koppies regsit, versierings, opruim, opwas en teeskink op Sondae tydens gemeente gesellighede, kontak Linda/ Christa by die kerkkantoor 011 475 5510.
* Begrafnisse (teeskink en/of broodjies maak), kontak Linda/ Christa by die kerkkantoor 011 475 1597.
* Erediens-hulp op ’n rotasie basis (bv. groeters, kollektering, plekaanwysers) – kontak Linda/ Les 011 475 5510.
* Blombeurte, kontak Linda/ Christa 011 675 0370.
* Spyseniering van tyd tot tyd, kontak Linda/ Christa 011 475 5510 / 011 475 1597 / 011 475 0370.
* Vervoer van senior lidmate na dokters, eredienste, kontak Alda 011 475 5510

VIER EN ERVAAR LEWE

* Verskeie Barmhartigheidsake bv. Barnabas, Kinderhuise, Cosmo City kleuterskool, Sandspruit kliniek, Jan Hofmeyer kleuterskool en vele meer. Kontak Alda Boer by 011 475 5510 / 011 475 1095 / 083 261 2700.

Ander

- **Wol benodig:** Ekklesiapark benodig wol om truie te kan brei vir ‘n tehuis in Nigel, wat afgebrand het. Merk asb duidelik. *Baie dankie vir die wat reeds afgelaai is.*
- **Naaldwerkmasjien** benodig vir ‘n vrou wat deel is van die koskas-program. Nuut of oud – net in werkende toestand asb. Kontak Alda Boer @ 083 261 2700.
- **Biblioteek:** Die biblioteek is besig om weer op dreef kom. Indien jy enige boeke, cd's of dvd's het wat jy kan skenk, kontak asb vir Ilze by 082 789 0621. Dit sluit sekulêre boeke in, nie net geestelike boeke nie. Boeke kan op ‘n bruikleen basis geskenk word – na ‘n sekere tyd kan dit aan die eienaar terugbesorg word. Die biblioteek sal in die vervolg meer gereeld oop wees - sms my asb, aangesien ek feitlik elke weeksoggend en soms na-ure ook beskikbaar is.

  Op ons leeslys:

  Max Lucado, Joyce Meyer en Francine Rivers. Heelwat van Michael Connelly, Ruth Rendell, Tess Gerritsen, Ena Murray. Ons het ook volledige stelle ensiklopedieë ingekry
- Vir die **opgradering van ons lidmaatregister** het ons alle belydende- en dooplidmate se ID nommers nodig. E-pos asb na skriba@ngweltevreden.co.za of bel vir Christa by die kerkkantoor 011 475 5510. Maak asb. ook seker dat alle ander kontakbesonderhede reg is.
- Ons Gemeente beskik oor **mediese hulpmiddels**, bv. rolstoele, krukke, ens. wat deur gemeentelede gebruik kan word. Kontak asb. die Kerkkantoor indien jy so iets benodig.
- Het jy geweet dat NG Weltevreden ook deel is van ‘Facebook’? Gaan besoek gerus ons bladsy en word deel van die groep. Hier kry jy vars nuus en word op hoogte gehou van alles wat in die gemeente gebeur!
- www.ngweltevreden.co.za - besoek gerus die webblad vir meer inligting oor die gemeente!
- Wil jy graag die WEEKLIKSE nuusbrief ontvang per epos? Stuur gerus jou eposadres aan: bemarking@ngweltevreden.co.za Die Weltenuus word elke Woensdag uitgestuur.
- Ons faktotum Eric Winter, se kleinseun Keanu (14), is verlede jaar na ‘n fietsry ongeluk verlam en is nou ‘n kwadrupleeg. Sy ma is oorlede en sy pa is tans werkloos. Dit is dus verstaanbaar dat die groter gesin (Oupa & Ouma – hy woon by haar in Port Elizabeth) nie die volgehoue mediese en ander uitgawes kan byhou nie. [Die volledige inligting is by die Kerkkantoor beskikbaar.] Daar is ‘n Trust gestig en indien jy ‘n bydrae wil maak, kan die volgende Trust Rekening gebruik word. Keano Trust; Nedbank Rekening: 100 707 9959 Takkode: 121617. Baie dankie aan almal wat reeds gehelp. Keano toon baie goeie vordering.

Kerkraadsake:

Die Kerkraad van NG Weltevreden het op 28 Julie 2011 die volgende besluite geneem tydens die kerkraadsvergadering:

1. Die Kerkraad het goedgekeur dat Ds. Hansie Breedt vanaf 15 Januarie 2012 volgens die Sendingregliment 2.5.1.2 van die NG Kerk uitgestuur sal word as Sendeling van NG Weltevreden. Ds Hansie Breedt sal betrokke wees by Operasie Mobilisasie. Die ooreenkoms tussen Ds Hansie en NG Weltevreden sal op dieselfde basis as ander buitelandse uitreike van die gemeente geskied,

naamlik dat die gemeente die reg voorbehou om die betrokkenheid op ‘n jaarlikse basis te hersien en met 6 maande kennisgewing na so ‘n hersiening kan beëindig.
Dit beteken dat daar 'n vakature vir 'n leraar bestaan. Die Kerkraad is tans besig met 'n proses van onderskeiding oor die vul van die vakature en neem die gemeente se bedieningsbehoeftes asook ons visie in ag in die onderskeidingsproses.

2. Daar word op die oomblik ‘n vraelys in die gemeente gesirkuleer. Die primêre doel van die navorsing is om ‘n verbruikersprofiel van NG Weltevreden se lidmate op te trek. Die vraelys is by die kerkkantoor asook by die dienstoonbank by die hoofdeur beskikbaar indien u sou belangstel om in die steekproef deel te neem.
3. Daar word tans gekyk na ‘n nuwe bediening aan die doopouers en die inrig van doopkategese. Daar sal ook in die nabye toekoms ‘n ondersoek wees vir ‘n erediens om 17:00 op ‘n Sondagmiddag vir ouers met klein kindertjies. Lidmate wat enige voorstelle wil maak of gedagtes wil deel kan gerus met ds. Hettie Wessels in verbinding tree.
4. Die Kerkraad stel voor dat JonkX ‘n jeugkerkraad kies en ‘n verteenwoordiger na die kerkraad stuur sodat die kerkraad op hoogte bly van die jongmense se behoeftes en bydraes.
5. 14-16 Augustus 2011 vind die Ringsitting te NG Fairland plaas. Die volgende persone is saam met die voltydse leraars afgevaardig om die vergadering namens die gemeente by te woon: Primarius lede: Esmé Arnott, Willem de Beer, Gideon Visagie, Toelie Pienaar, Herman Breedt. Sekundi lede: Alda Boer, Nicolene Murdoch, Ian van den Bergh, Marius Jordaan, Marius Stemmet.
6. Herverkies as ouderlinge: Herman Breedt & Willem de Beer.

Vir enige verdere inligting rondom die besluite of die werkinge van die kerkraad skakel asb. met Ds Hettie Wessels (hettie@ngweltevreden.co.za)

Baie welkom aan die volgende belydende lidmate:-

Wilhelmina Johanna Mitchell (nou Steyn)	Wilgespruit
Cornelia Margaretha Swart (nou van Heerden)	Florida

Die koffiewinkel: *Is weer oop op Sondae na eredienste.*
Kom geniet ‘n heerlike koppie tee/koffie/cappuccino en ietsie te ete.

Ons ondervind Telkom probleme wat veroorsaak dat persone sukkel om na die Kerkkantoor deur te kom. Hiermee alternatiewe nommers: 011 475 1597 / 475 0370 / 675 1095

Vir enige <u>elektroniese betalings</u> kan die volgende Bankbesonderhede gebruik word. NG Weltevreden, ABSA Northcliff (Takkode: 334 705) Reknr: 730 580 460 Verwysing: Naam + Van + Waarvoor

<u>PARKERING by NG WELTEVREDEN</u>:

U word vriendelik versoek om asseblief
<u>nie op enige van die rybane te parkeer nie</u>.
Aangesien daar heelwat gestremde persone en ander wat moeilik loop in die gemeente is, word die parkering voor die kerk en naby die Kapel vir hulle gereserveer.

<u>VERKEERSVLOEI</u>:

Indien jy die terrein op ’n Sondag agter om ds Kobus se pastorie verlaat, maak asb gebruik van die ONDERSTE hek om uit te ry.
Ter wille van verkeersvloei en die veiligheid van voetgangers word daar nà elke erediens

NB!! SEKURITEIT

Gedurende die vakansie het drie gewapende persone, met aanvang van ‘n 10-uur diens, toegang tot die kerkterrein verkry deur met ’n silwer Volvo by die onderste hek (by die plot) in te ry. Lidmate wat laat opgedaag het, het voorkom dat ’n voertuig gesteel word. Hulle eie motor is in die proses beskadig, tydens die persone se wegkom poging, gelukkig sonder die voertuig! Die wag het bevestig dat hulle swaar bewapen was en ons is dankbaar dat daar geen ongevalle was nie.

Ten einde verdere voorvalle soos hierdie te probeer bekamp, vra ons die gemeente se vriendelike samewerking deur die volgende stappe wat gedoen is, asseblief na te kom:-

1. Moet asseblief nie op die sypaadjie buite in die straat parkeer nie. Indien u daar parkeer is dit op u eie risiko.
2. Die onderste hek sal gesluit word met die aanvang van alle eredienste en gesluit bly tot na die eredienste, wanneer dit weer oopgestel sal word vir die normale uitvloei van voertuie. Daar sal dus geen toe- of uitgang wees tussen die volgende erediensteye nie:-

   08:00 tot 09:00
   10:00 tot 11:00
   19:00 tot 20:00

3. Indien u die terrein moet binnekom of verlaat tydens ‘n erediens, maak dan asseblief gebruik van die hoofingang.

VIER EN ERVAAR LEWE